(h) Bouplanne:
H.W. Blackburn - kennis is geneem dat die werk nog nie begin is nie.
D.J. Posthumus - die werk is voltooi en goedgekeur deur Mnr. B.C. Mostert namens die Boukomitee.
D. Wessels - die eienaar het besluit om nie voort te gaan met die bouwerk op hierdie stadium nie. Kennis is geneem.

(i) Vishuis - Tenders:
Twee tenders vir die huur van die Vishuis is ontvang nl.
D.C. Smit „A" gedeelte 3/6 per maand.
Vishuis in geheel 10/- per maand.
P. Fredericks „B" gedeelte 9/- per maand.
D.C. Smit se tender vir die „A" gedeelte teen 3/6 per maand en P. Fredericks se tender vir die „B" gedeelte teen 9/- per maand is aangeneem. Huurgeld is vooruitbetaalbaar en moet voor of op 29 Januarie 1958 vereffen wees.

(j) Naturelle-behuising:
Eenparig besluit om die Naturelle-huis volgens die opgestelde plan te bou.

(k) Registrasie van Melkverkopers: S.J. Faure.
Kennis is geneem dat geen plan van Mnr. Faure se stal en melkkamer tot datum ontvang is nie.

(l) Aanhou van diere - C. Weber:
Geen plan is van Mnr. Weber ontvang nie. Applikasie sal by volgende vergadering behandel word. Kennis is geneem.

A.M. Coetzee:
Die saak is aan die Polisie oorhandig; word 29/1/58 op Caledon verhoor.

(m) Weguysers:
Eenparig besluit dat van die saak afgestap word.

(n) Skoonmaak van erwe:
Kennis is geneem dat Mnr. A.J.F. du Toit Mnr. P.C. Steyn gevra het om die erf skoon te maak.

(o) Bou van pad - A.F. du Toit:
Dit is eenparig besluit dat h pad slegs tot by die naaste hoek van die eienaar se grond gemaak sal word. Die saak word na die Stratekomitee verwys vir afhandeling.

(p) Voetbrug na Swempoel: Na Voetbrugkomitee verwys.

(q) Skotse Dissel:
Eenparig besluit dat betrokke eienaar versoek word om sy erf te laat skoonmaak.

(r) Huishuur A. Oncker:
Kennis is geneem dat A. Oncker die Bestuur se huis ontruim het. Besluit dat die woning toegeken word aan J. Mitchell teen h huurgeld van £1. 6. -. per maand. Die huurgeld sal maandeliks vooruitbetaalbaar wees. Die saak staan verder oor tot die volgende vergadering.

(s) Behuisingskema:
Kennis is geneem dat baie van die inwoners van die Behuisingskema nie plaaslik werksaam is nie. Besluit dat die Behuisingskomitee h kontrak opstel wat die volgende aandui:
... onder die Bestuur